

Wysheid

Waar kom 'Wysheid vandaan ?

Voor ek begin moet ek noem waar die traktaat vandaan kom. Ek het met 'n vriend gesels oor allerhande dinge wat vir my interessant is en so ook wat pla. Baie van my traktate het hul ontstaan gekry deur 'n volgende broer of suster in 'n geselskap (*Wat in die waarheid is*). Daar kom gewoonlik 'n vraag of selfs 'n behoefte wat vassteek wat ek dan voel dat dit openbaar en verkondig moet word. So het ons baie sake aangeraak waarvan ons Salomo ingebring het in die gesprek. Hier volg my relaas rondom wat met Salomo gebeur het en wat dit direk met ons as uitverkore te doen het.

Om die traktaat te kan verstaan moet ons na 'n paar aspekte kyk sodat ons die begeerte om te weet nie verkeerd gebruik dat dit tot ons nadeel is i.p.v. tot ons voordeel. Ek begin met 'n vers uit die Skrif met 'n paar woord uitleg van die vers en dan kan ons verder gaan.

1 Kon. 3:5 Toe verskyn die ~~HERE~~ YAHUAH in Gibeon in 'n nagtelike droom aan Salomo; en ~~God~~ Skepper het gesê: Begeer wat Ek jou moet gee. En Salomo vra: 3:9 Gee dus aan U kneg 'n opmerksame hart om reg te spreek oor U volk, om tussen goed en kwaad te onderskei, want wie sou hierdie talryke volk van U kan regeer?

Die woord 'begeer' kom 72 keer voor in die Skrif waar 'begeer' verbreed word 164 keer. Die woord 'opmerksame' kry jy slegs eenmaal in die Afrikaanse Skrif, waar die K.J Skrif dit deurgee in die woord 'verstaan'(1 Kon.3:9). Ek bly eers by die woorde van bo en hier is hulle betekenis.

Verstaan = 1. Met die verstand vat. 2. Begrypend aanhoor. 3. Die sin of bedoeling vat. 4. Sinvol interpreteer. 5. Goed ken, deeglik vertrouwd wees met, goed kan doen. 6. Verneem, hoor vertel; die KUNS verstaan, die slag ken; REDE verstaan, na rede luister; VERKEERD verstaan, misverstaan; WEL te verstaan, dit moet duidelik verstaan word; sy Wêreld verstaan, sy mense ken; ens.

Verstand = 1. Menslike vermoë om te (kan) verstaan. 2 Begrypende, kennende, denkende vermoë. 3. Intellek. 4. Begrip, deursigtig, insig, kennis; Iets aan die verstand BRING, iets duidelik maak, laat begryp; dit gaan bo my verstand; ek het my verstand af gepraat; gesonde verstand, goeie oordeel of dinkvermoë; verstand van iets hê, baie van iets weet;..... en natuurlik "verstandsverwarring" Opmerkzaamheid; wat goed noukeurig opmerk, waarneem, aandagtig, opletterend; ens.

Nou kan ons terug gaan na Salomo se begeerte en YAH se geskenk.

YAH het gesê: Begeer wat Ek jou moet gee; en Salomo vra, 'n opmerksame hart om reg te spreek oor U volk, om tussen goed en kwaad te onderskei;
YAH skenk Salomo toe wysheid waarin al sy begeertes verwesenlik word en nog meer....

Salomo vra YAH “opmerksaamheid” Die Afrikaanse Skrif stel dit bo die K.J. sekerlik die beste nl.: Om opmerksaam te wil wees is nie ‘verstand’ of ‘verstaan’ nie. Ja ons weet dat die een die ander ondersteun om opmerksaam te wil wees, tog ‘n dieper mening. As jy verstandig is beteken dit nie dat jy opmerksaam is nie, maar as jy die vermoë het om te kan verstaan kan opmerksaamheid intree. Dit is soos ‘n IK toets, jy ontvang allerhande figure, strepies en kolletjies, wat nou gedoen? Indien jy verstaan wat voor jou lê kan jy dit wat voor jou lê bymekaar bring en laat pas.

Salomo weet dat sy verstand te klein was om die volk te lei en om dit te kan doen moet hy kan ‘verstaan’. Ons kan nou vra hoekom en wat wou hy verstaan, en waarom wou hy dit verstaan? Hy wou nie net wysheid hê om te oordeel nie, maar ook om te kan verstaan om opmerksaam te kan wees. Deur ‘opmerksaamheid’ gaan baie deure vir jou oop gaan soos: bespeuring, waaksaamheid en waarnemingsvermoë. Dus deur ‘opmerksaamheid’ tree verstaan in. Soos bo uitgewys in verstaan moet jy kan aanhoor om te kan begryp sodat sinvolle interpretering na vore kan tree.

Salomo wou eers in sy verstand kry hoe werk verstaan, want hy kon nie die volk regeer weens die feit dat hulle so hardnekkig en ongehoorsaam was nie. Dink net aan die baie wonderdade wat die volk aanskou het in Egipte tog die ongehoorsaamheid (*in die woestyn en tydens die rigters jare*). Salomo het daardie fyn begrip in ‘verstaan’ gesoek. Hy het gevra dat hy opmerksaam kan wees as daar probleme intree by die volk wat hulle nie verstaan; Dat hy hulle antwoorde kan deurgee soos ‘n ware koning dit veronderstel is om te kan doen. Salomo het soos enige van sy broers ‘n verstand ontvang waarvolgens hy ‘n normale lewe kon gelewe het, maar met die droom waar YAH hom genader het, het hy die geleentheid gebruik om dieper insig van die lewe te kon ontvang. Hy wou nie net meer weet van die vleeslike nie, maar oor die geestelike. Hy wou meer opmerksaam wees as die algemene man. Hy wou nie net ‘n algemene opmerksaam verstand hê nie, maar ‘n opmerksame ‘hart’. Daarom het YAH hom aangesien en bespeur dat Salomo spesiaal is. YAH het gesien dat Salomo wou verstaan waaroor die lewe nou eintlik gaan en dat Salomo dit kon gebruik om Sy volk te regeer.

YAH skenk Salomo bonatuurlike kragte wat hom streng gesproke gelyk stel aan 'n boodskappers. Salomo ontvang van YAH geheime krag waarvan hy bonatuurlike invloede kon uitvoer, bo sy metgeselle. Niemand voor of na Salomo het so iets soos hy ontvang nie (1 Kon.3:12). Ons kan dit amper so uitbeeld dat Salomo "towerkrag" ontvang het van YAH. Hy het 'n meester geword in die gees en vleeslike wêreld. Hy was 'n meester in kuns, wetenskap en 'n droom kenner. 'N gesaghebbende. Vir die mens was hy so verstommend wys dat daar van oraloor mense hom kom besoek het net om na hom te luister wyl hy spreek 1 Kon.10. Dit daar gelaat oor Salomo.

Mense om te kan verstaan en opmerkzaamheid te kan beërwe soos Salomo is 'n verborgenheid. Dit is nie vir almal nie. Dit is nie sommer so oop die koop toe nie. YAHUSHA het dit kort, kort uitgewys dat Hy dit verberg vir baie in Matt.13. Om te kan 'verstaan' is slegs vir die uitverkore van YAH. Ons lees in 1Joh. 5:20 *En ons weet dat die Seun(YAHUSHA)van ~~God~~ VADER gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken;(verstaan)en ons is in die Waaragtige, in SY Seun, ~~J*sus Christus~~ YAHUSHA dié Nasaréner. Hy is die waaragtige ~~God~~ Skepper en die ewige lewe.*

In Luk. 24:45 maak YAHUSHA hulle verstand oop: *Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. Matt. 15:10 staan: En Hy het die skare na Hom geroep en vir hulle gesê: Luister en verstaan!* Dus deur luister kom verstaan. Matt. 13:11 staan: *Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken,(verstaan) maar aan hulle is dit nie gegee nie.* Die vers wys duidelik uit dat om te kan ken en verstaan lê slegs by die uitverkore en nie by alleman nie.

Nou wat staan ons te doen?

Ons as mens moet bid en smEEK om opmerkzaam te kan wees. Ons moet die sodanige menslike vermoë tersyde stel. Die sodanige intellek of dinkvermoë. Die geleerdheid en kennis wat ek bekom het wat my bo die ongeleerde en eenvoudige stel. Ons as die uitverkore moet stil gaan sit met begeerte in die hart dat YAH jou die 'verstaan' begrip kan gee. In Matt. 13:23 staan: *En by wie op die goeie grond gesaai is—dit is hy wat die woord hoor en verstaan,*

Om te kan 'verstaan' moet tog ons begeerte wees nie dan nie ?

As ons kan verstaan sal baie dinge deursigtig word vir ons as mense met 'n verstand. As vroeë dood, siekte, finansiële laste, armoede, swaarkry en onverstaanbare snaakse gebeure (*manifesteer*) sal jou klein verstand 'verstaan' nodig hê. Daarom moet jy opmerkzaam wees as die dinge manifesteer.

As kanker, diabetes of enige siekte intree wat lei tot die dood moet 'verstaan' gepleit word by VADER. 99% Gaan na die dokter omrede hy/sy sleg voel en dan diagnostiseer die dokter dat hy diabetes het (*nie dat dit so is nie, want die suiker is hoog of die kankerselle is daar*). Nou moet hy die res van sy lewe op pille, inspuiting en allerhande behandeling gaan. Die eerste wat uit die dokter se mond uitkom: Jy moet nou drasties en dadelik na jou lewe kyk en verander; Jou eet, drink en slaap moet onmiddellik verander; Jou slaap en ontstaan sal beheer en gemonitor word !

As jy na al die uitbraak van die dokter luister, lui daar nie 'n klok in jou kop nie ? Die dag toe jy na YAHUSHA gegaan het met al jou laste en vergifnis gesmeek het dat die dag toe jy besef het jy bevlek was met oortredinge; Die dag toe jy tot inkering gekom het; Die dag toe jy met inkering 'bekeer' het en YAHUSHA aanskou het. Het jou lewe nie toe drasties verander nie? Het jy nie toe opgehou om die verkeerde te eet, drink of aan te trek nie? Het jy toe nie beloop om 'n nuwe (*lewe*) blaadjie om te slaan nie? YAHUSHA het toe gesê: As jy dit opreg bedoel, *Joh.5:6 Toe ~~J*sus~~ YAHUSHA hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word?* Hoor jy die vraag! So ook in *Matt.8:2 en daar het 'n melaatse man gekom en voor Hom neergeval en gesê: ~~Here~~ Meester, as U wil, kan U my reinig. Matt.8:3 Daarop steek ~~J*sus~~ YAHUSHA die hand uit en raak hom aan en sê: Ek wil; word gereinig! En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig.*

Maar nee tyd neem sy tol. Tyd neem sy deel van die wat nie standvastig is nie. Tyd weet dat die mens se woord nie sy eer is nie. Die dokter tree nou in as YAHUSHA en noem dat jy nou nie meer 'n keuse het om te doen soos hy jou nou beveel nie. YAHUSHA het jou gevra en geroep, maar die dokter vertel en beveel jou, want jy is nou syne. Hy gaan van nou af na jou kyk en nie meer YAHUSHA nie! YAHUSHA het gegee, maar die dokter gaan nou neem!

Mense vir wie en wat moet ons nou bang wees? Die dood wat aan jou deur klop om jou te waarsku om reg te maak, want jy gaan binnekort na die hiernamaals en of is jy dalk in doodsrees deur ongehoorsaamheid ?

Hoor tog die wat verstand het as die dinge manifesteer rondom jou, gaan op jou knieë en smee vergifnis. Los die pille en medisyne om rede jy die vrees het dat dood gaan intree (*As jy dit nie drink nie*). Gaan eerder weer na YAHUSHA en vra hom om jou te genees weg van die dokter. Ons sê tog dat ons nie bang is vir die dood nie en daarom moet ons, ons berus op YAHUSHA se besluite.

Ek sluit met begeerte tot opmerkzaamheid.

Merk op uitverkore volk van YAH wanneer jy of jou mede broer/suster afdwaal van die weg. Pleit dat 'tyd' vir jou en hulle nie sal laat vergeet van die dag toe jy tot inkeer gekom het nie. Roep soos 'n Dawid van oud uit:

Ps.121:2 My hulp is van ~~die~~ ~~HERE~~ YAH wat hemel en aarde gemaak het.

Ps. 109:26 Help my, ~~HERE~~ YAH my God Skepper! Verlos my na U goedertierenheid, Ps. 119:175 1Laat my siel lewe, dat dit U kan loof; en laat U gerigte my help.

Ns.: Net om weet te noem as dood intree onder jou geliefdes. Daar gaan baie vrae ontketen by die agterblywendes veral die direkte familie lid. Baie gaan hom of haar troos en bemoedig, maar kan nie werklik help met om te kan "verstaan" nie. Die traktaat se woorde is daar tot hulp, maar die realiteit wat plaasvind nadat 'n beminde nou weg is, is onbeskryflik. Eers is die hartseer ontsettend. Dan kom die besef dat dit werklik is. Nou moet aanvaarding onkeerbaar intree. Self verwyt en beskuldigings tree nou in. Nou lê die groot verlange voor jou oop gesprei en niemand kan dit bedek of instaan tot vervulling nie.

Met al die werklike (*realiteit*) gebeurtenisse van bo om jou moet wysheid nou intree. Ja nou om die dood van daardie geliefde te kan verstaan moet jy jouself so gou moontlik vertroos, wat nie maklik is nie.

Die raad lê in "liefde". Stop om jouself aan te kla en herroep al die mooi en goeie herinneringe op. Gaan na VADER dat HY jou kan vertroos en wysheid kan skenk dat jy antwoorde op al jou vrae kan kry teenoor die oorledene.

Laat die siel toe om uit te roep tot VADER vir beskerming en uithou vermoë. Wandel met SY Seun YAHUSHA daarvandaan om wysheid en berusting te kan hê

Bedink dit!